# NG GEMEENTE UNIVERSITASRIF
# AFKONDIGINGS: SONDAG 21 MEI 2023

## U VOORBIDDING WORD VIR DIE VOLGENDE PERSONE GEVRA

- Jakkie Zeeman se jongste suster is in die ICU in Rosepark.
- Anine Venter  se moeder is ernstig siek in die hospitaal.
- Joshua Daffue se vriend Koot Tait, is ernstig siek in die hospitaal.

## VANDAG

***Hartlik welkom by vandag se erediens***

1. **PINKSTER.** Hierdie reeks word gelei deur **ds Johan Labuschagne.** **09:00**
2. **KINDERPINKSTER.** Alle kinders word uitgenooi na hierdie geleentheid. **09:00**
3. **DEURKOLLEKTE: Oggend: Bybelgenootskap**
   **Aand: Wildevy**
4. **AAND: PINKSTER EN KINDERPINKSTER.** **18:00**

# VOLGENDE SONDAG 28 MEI 2023

***PINKSTERFEES***

1. **OGGENDDIENS: NAGMAAL.** Hierdie diens word gelei deur **ds Johan Labuschagne.** **09:00**

2. **LIEFDESMAAL.**
   Dit is weer geleentheid vir ons gemeente se heerlike liefdesmaal op **Pinkstersondag 28 Mei om 12:00.** Elke gesin bring 'n hoofgereg, 'n groente of slaai en 'n nagereg asook eie eetgerei en drinkgoed. Kom proe mekaar se kos en geniet die kuier saam in die kerk. Laat asb. ds Johan of u omgeegroepleier teen 26 Mei weet indien u kom sodat genoeg tafels en stoele uitgepak kan word. Kom kuier heerlik saam!

3. **DEURKOLLEKTE: Kommunikasie: Vrypos.**

# HIERDIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG, 22 MEI:** | **Pinkster en Kinderpinkster**<br>Kollekte: Bainsvlei Sothobediening | **18:30** |
| **DINSDAG, 23 MEI:** | **Pinkster en Kinderpinkster**<br>Kollekte: Bybelgenootskap | **18:30** |
| **WOENSDAG, 24 MEI:** | **Pinkster en Kinderpinkster**<br>Kollekte: Wildevy | **18:30** |
| **DONDERDAG, 25 MEI:** | **Pinkster en Kinderpinkster**<br>Kollekte: Bainsvlei Sothobediening | **18:30** |
| **VRYDAG, 26 MEI:** | Geen | |

# ANDER

1. **NUWE INTREKKERS.**
   Baie welkom in hierdie gemeente. Dis altyd lekker om nuwe gesigte in die kerk te sien en ons sal u graag van naderby wil leer ken en wil help om in te skakel by

gemeenteaktiwiteite. Neem gerus 'n "Nuwe Intrekker" vorm voor op die tafel by die preekstoel of by die deure, voltooi dit en bring terug kerk toe. U kan ook die skakel na die Google vorm gebruik: https://forms.gle/t4GJAw1tnqgcE81v9.
U kan ook die kerkkantoor skakel by 051 446 2078 indien u enige inligting benodig.

**2. SPESERYBOTTELPROJEK / ALIMENTASIEFONDS.**

Kleingeld maak beursies onnodig swaar! Gooi dit, dis nou die kleingeld, oor in 'n speserybotteltjie en kom ruil dit om vir 'n leë een in die twee ingangsportale om die nuwe bondel kleingeld in te plaas en weer te bring. Die geld so bymekaargemaak word aangewend om die alimentasiefonds te stuif en lidmate wat van tyd tot tyd hulp nodig het, te help. Neem gerus van hierdie botteltjies om die siklus te begin.

**3. WEEKLIKSE DIENSBEURTE VIR OMGEEGROEPE.**

Die omgeegroep van **Johan Smit** doen vandag diens by die kerk en is ook **Woensdag 24 Mei** verantwoordelik vir die verskaffing van kos aan Huis Nederig.

Volgende week is die omgeegroep van Anton van Wyk aan diens en wel as volg:

Saterdag 27 Mei - Boeremark
Sondag 28 Mei - Kerkdiens
Woensdag 31 Mei - Huis Nederig

*Vleisprojeklede aan diens is Fanie le Roux.

**4. RESEPTEBOEK.**

Ons gemeente wil weer 'n Resepteboek bekendstel. Ons vra lidmate om hul gunsteling resepte aan te stuur na ds Johan by labuschagnejohan@yahoo.com sodat ons dit in boekvorm kan saambind. Stuur die resep aan met jou naam daarby sodat ons dit so kan plaas.

**5. GEMEENTEVERSLAG VIR DIE RING.**

Ons gemeente moet weer eersdaags 'n verslag saamstel vir die Ringsitting later die jaar. Positiewe sowel as negatiewe dinge in die gemeente word aangeraak. Sien asb. aangeheg die vraelys wat u kan voltooi en terugbring na die kerkkantoor. Alles sal vertroulik hanteer word.

**6. SOP VIR PINKSTER.**

Ons beplan om weer, soos in die verlede, sop en broodjies na afloop van die pinksterdienste te geniet. Ons vra vir lidmate om asb. 'n pot sop te skenk indien moontlik. U kan ds Johan kontak by 083 461 1970 sodat reëlings daaromtrent gedoen kan word.

**7. KERKRAADSLEDE.**

Ons benodig een ouderling en een diaken om op die kerkraad te dien. Indien daar iemand is wat homself beskikbaar wil stel sal ons dit waardeer. U kan die kerkkantoor of ds Johan kontak in die verband.

**8. WILDEVY-UITREIK.**

Die jeug het dit goedgedink om na die kinders van die Wildevy gemeenskap in Namibié uit te reik deur aan hulle skryfbehoeftes te voorsien. Indien u dalk 'n bydrae in die vorm van enige skryfbehoeftes kan maak kan u dit kerkkantoor toe bring of met ds Johan kontak maak. Dit moet egter binne twee weke geskied aangesien dit oor twee weke na Namibié moet vertrek.

**9. RIFNUUS.**

Ons gemeentekoerant, RIFNUUS, word weer gedurende Junie aan gemeentelede beskikbaar gestel. Ons vra dat u enige nuus of interesanthede wat u dalk insiggewend kan vind, aan ons stuur sodat ons dit in die Rifnuus kan sit.

## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

| | |
|---|---|
| Beatrix van der Linde | 21 Mei |
| Bernadette van Tonder | 25 Mei |
| Wi-An Coertzen | 27 Mei |
| Jakkie Zeeman | 27 Mei |

***Indien u hierdie week verjaar en u naam is nie op die lys nie, dan beteken dit dat u nie op die stelsel is nie. Kontak asb. die kerkkantoor by 051 446 2078 sodat ons u attestate dan kan aanvra.***

Snap here to pay

SnapScan